

**Maandag 2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 23**

**Fokusgedeelte: Psalm 23:5**

**Die Goeie Herder gee as Gasheer versterking aan die Nagmaalstafel**

Ons word moeg. Ons harte is sonder vrede. Ons daaglikse stryd tap ons kragte. Ons word bang. Dit is wat hierdie lewe aan ons doen.

Het koning Dawid se stryd teen sý teëstanders hom nie ook moeg gemaak nie? Sonder vrede gelaat? Sonder krag? Vol vrees? Juis daarom dat Hy so vertrouensvol bely dat die Here sy herder is. Hý gee rus, Hý gee verkwikking, Hý gee vrede, Hý gee beskerming.

Die Here is nie net sy herder nie. In ons fokusvers word ’n tweede beeld gebruik – dié van die gasheer wat sy moeë, uitgeputte, vreesagtige gas (in wie se hart daar baie onvrede is) aan die feestafel verwelkom en mildelik sy goedheid aan sy gas bewys.

As Gasheer ontvang die Here Jesus jou aan die Nagmaalstafel. Hy is die Gasheer wat Homself gee om jou te verkwik. Aan die Nagmaalstafel het jy deur die kragvolle werking van die Heilige Gees só ’n innige gemeenskap met Hom dat “Christus sy lewe in ons oorgiet, asof dit in murg en been indring”. Só verkwik Christus jou. Gee Hy aan jou sy vrede. Gee Hy aan jou krag. Word jy opnuut van sy liefde vir jou verseker en verdryf Hy jou vrese.

Maar: Hy gee dit aan dié wat in ’n innige en persoonlike verhouding met Hom lewe (vs 1: Die Here is my Herder ... Gasheer). Sonder die innige, persoonlike verhouding met die Gasheer kan jy álles aan sy tafel eet en jy gaan nog steeds moeg, sonder vrede, kragteloos en bang wees.

*Sing: Psalm 23*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*